basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V2

NOVEMBER 2010

**Moontlike Antwoorde**

PUNTE: 80

**NASIENRIGLYNE/MEMORANDUM VAN PUNTETOEKENNING**

**AFDELING A: GEDIGTE**

**VRAAG 1: OPSTELVRAAG (LU2 AS4.2.5)**

**Twee kleuters in die Vondelpark – Elisabeth Eybers**

**Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR GEDIGTE nagesien.**

**Inhoud: om volpunte by die inhoud te verdien, behoort die kandidaat ten minste:**
- **4 verskille (x2) ten opsigte van die seuntjie en die dogtertjie aan te toon.**
- **Inhoud = 7 punte. 'n Leerder wat sewe tot agt verskille (4 aspekte) in sy antwoord aanspreek, kry die kandidaat volpunte vir Inhoud. Taal en Styl sal 3 punte tel.**

**Taal en styl: word volgens die rubriek gelees.**

**Verskille:**
- hy raak gou uitgekuier met iets / sy kry nie sommer genoeg nie (pluk haar / versadig)
- hy tree as leier op / sy volg gedwee
- hy is gefokus op die realiteit / sy is ietwat van 'n dromer
- hy is behep met motors, tegnologiese vooruitgang / sy met die misterieuse / fantasie / droomwêreld
  (Enige verskille in die verdere strofes kan aanvaar word.)

**Aanbieding:**
**Die aspekte mag individueel aangebied word, m.a.w. eers dié van die seuntjie / man en dan dié van die dogtertjie / vrou.**

**Die kandidate kan die omskrywing of ook die woorde uit die teks gebruik. Indien slegs een kant gestel word, sal die kandidaat vanself deur die rubriek gepenaliseer word.** **[10]**

**OF**

Kopiereg voorbehou

| VRAAG 2 | ANTWOORD | |
|---|---|---|
| 2.1 | Dit gaan nie om 'n spesifieke mens nie / (maar) die mens in die algemeen / universeel / afstand word tussen realiteit en abstrakte gebeure in die gedig bereik √ | 1 |
| 2.2 | Dit gaan oor 'n man ('n jagter) wat (oor 'n onbekende/ ongelyke / glibberige / ruwe terrein in die aand) met 'n flits stap op soek na iets / 'n Man wat met 'n flits loop en soek √<br>(die kandidate kan ook in 'n breër sin verduidelik) | 1 |
| 2.3 | wete / kol √ (aanhalingstekens word nie vereis nie) | 1 |
| 2.4 | Verstand / rede/ brein / intellek / kennis / begrip/ insig / denke / bron van kennis of insig / Die flits is die wete wat voorwerpe oproep en aan hulle gestalte gee / skep orde in die chaos √ | 1 |
| 2.5 | Dit dui op 'n ritmiese stap / soeke van die man / die kort woorde dra by tot die hortende ritme/ spanning / onsekerheid (onbekende) oor wat hy sal vind /<br>Dit dui op die kortstondige oomblikke wanneer die flits op die voorwerpe skyn √ **(enige EEN)** | 1 |
| 2.6 | (Aan 'n takkie hang) **twee ogies** (wat bang) √ | 1 |
| 2.7 | Koeplette / koeplet√ | 1 |
| 2.8 | Die enjambemente verdoesel die rym / Dit gee eenheid aan die beweging / versnel die tempo / bewerkstellig vloeiendheid / dit is 'n bindingselement / dit hef belangrike woorde uit √√<br>**(enige TWEE)** | 2 |
| 2.9 | Dit word toenemend donkerder / Beweeg van die bekende na die onbekende / Progressie van "wit kol" na ("wit skyn") "duister land" / Van lig tot donker / Van die letterlike ("wit skyn") na die abstrakte ("duister land") /<br>Aan die begin dink die spreker dat hy nog "iets" kan vaspen, maar alles ontglip hom /<br>Die denke is eerstens gerig op die onmiddellike problematiese, daarna word dit meer abstrak en ten slotte gevaarlik /<br>Stilstand tot beweging / Vaste na vloeibare / Begrip na onbegrip /<br>Hy vind iets konkreets (verstaanbaar = 'n klip) en dit verander na iets onverstaanbaars (abstrak) √ | 1 |
| | | **[10]** |

Kopiereg voorbehou

| VRAAG 3 | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | Die spreker se **vorige /verlore / gewese / eertydse / oorlede** geliefde √<br>(nie net geliefde nie / moet op gewese persoon of afgestorwe persoon dui, geslag is irrelevant) | 1 |
| 3.2 | geskommelde / skewe √ | 1 |
| 3.3 | Metafoor √<br>Briewe / manuskripte / liefdesbriewe / gesprekke√ (nie **woorde** nie)<br>(Die antwoord kan ook na enige geskrewe vorm verwys) | 2 |
| 3.4 | Die herinnering aan die dae vloei saam soos (eenderse) krale in 'n snoer / Die verhouding was ononderbroke / Dit verwys na 'n bepaalde tydperk / Die dae kan afgetel word soos syfers op 'n kalender / Die dae was kosbaar soos 'n snoer / Die herinneringe het 'n begin- en eindpunt soos krale aan 'n snoer √ | 1 |
| 3.5 | Hy kan **nie** meer die kleur van die oë **onthou nie / vae herinnering** aan die kleur van die oë / **OF**<br>**Kosbare herinneringe** √<br>(Gaan oor die kosbaarheid **of** vae herinneringe) | 1 |
| 3.6 | Die onduidelike na die duidelike / Herinneringe beweeg van die algemene na die spesifiek /<br>Die sekondêre belewing van jou (foto, woorde) word 'n meer direkte herinnering (in 'n poging om dieper belewing te onthou) / Van die uiterlike na die innerlike (oë = siel) √√<br>(Die kandidate kan ook die antwoord by implikasie gee) | 2 |
| 3.7 | **Tyd** is die oorsaak dat sy herinneringe vervaag het / tydsverloop / tydsverlies / jare wat verbygaan√<br>(indien die kandidaat aanhaal, moet **tyd** onderstreep word) | 1 |
| 3.8 | Om te beklemtoon dat die persoon nooit vergeet sal word nie √<br>(slegs beklemtoning = 0) | 1 |
| | | **[10]** |

**OF**

| VRAAG 4 | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | Dit sinspeel op klawerjas / 'n kaartspel waarin die boer van klawers die hoogste troef is / dui op 'n spesifieke prentjiekaart / kaartspel / die "jack of spades" in 'n kaartspel / troefkaart √ (enige **EEN**) | 1 |
| 4.2 | Dood / verganklikheid / noodlot / onheil √ | 1 |
| 4.3 | Beloer √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.4 | Die **soet** lewe is gevul met **bitterheid** / Saam met geluk is daar altyd 'n tikkie ongeluk teenwoordig / In elke positiewe ding (situasie) skuil iets negatief / Agteruitgang (die dood) is reeds in elke aspek van die lewe (bestaan) teenwoordig / Saam met die vrolikheid is daar ook smart √<br>**(Noem BEIDE kante)** | 1 |
| 4.5 | 'n Verduideliking van die woord "**woord**" volg / Daar word na die Bybel verwys / Verduideliking dat alles wat die mens bewaar / bymekaar maak, tog deur "mot en roes" verniel sal word / 'n Verduideliking volg van **dit** wat werklik en waar is / van wat gewis en seker is √<br>**(Slegs verduideliking = 0)** | 1 |
| 4.6 | Jy dink jy bewaar jou skatte vir eendag, maar as jy dood is, kan jy dit nie gebruik nie (alles vergaan uiteindelik) / Hulle maak al hierdie skatte bymekaar, maar hulle is slegs vir 'n kort tydjie (tydelik) hier √√<br>**(Noem BEIDE kante)** | 2 |
| 4.7 | Die dood wag vir almal / Dis almal se voorland om eendag graf toe te gaan / Alles is verganklik √ | 1 |
| 4.8 | Jy moet lag en gelukkig wees, want ons weet ons gaan almal sterf / Ons het nie juis 'n keuse nie, die dood triomfeer altyd / Die mens moet berus in die onvermydelike / Die mens het nie mag oor die dood nie en moet daarom maar saamlag √√<br>**(Moet TWEE kante van die saak noem)**<br>**(Kandidaat verdien 2 punte of 0)** | 2 |
| | | **[10]** |

**EN**

Kopiereg voorbehou

Beantwoord VRAAG 5 OF VRAAG 6.

**VRAAG 5: OPSTELVRAAG** **LEERUITKOMS 2 AS 4.2.5**

**Skryfwerk – Marius Titus**

**Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR GEDIGTE nagesien.**

**Inhoud: om volpunte by die inhoud te verdien, behoort die kandidaat ten minste:**

- **2 feite te gee wie die taal gebruik**
- **2 feite te gee waarvoor taal gebruik word**
- **2 feite te gee oor hoe dit gebruik word**
- **1 feit as gevolgtrekking/ toekoms van die taal te gee.**

**Taal en styl: word volgens rubriek nagesien.**
**Hierdie interpretasie geld slegs vir hierdie spesifieke gedig.**

**Wie gebruik die taal: (2 feite)**

- Gewone mense / alle mense wat die taal hanteer / Jan Alleman
- Geleerde (skrander) mense met titels wat die taal bestudeer
- Hierdie spesifieke taal word as 'n Kaapse taalvariant gebruik
- Dit is 'n streektaal wat geskryf word soos wat dit gepraat word

**Wat daarmee gedoen kan word: (2 feite)**

Jy kan ...

- dit skryf
- dit lees
- dit praat
- daarin kritiseer
- mense deur middel van taal mislei
- daarmee 'n boodskap kommunikeer
- die taal ontgin
- die taal bedryf
- die taal baie geleerd gebruik
- jy kan die taal baie gewoon gebruik
- daarin dig
- taal vir verskillende doeleindes gebruik (estetiese)

**Hoe dit gedoen word: (2 feite)**

- Skryf in (gewone) taal
- Skryf meedoënloos
- Ontgin die taal
- Bedryf die taal
- Lees dit

Kopiereg voorbehou

- Bewaar dit
- Praat dit
  - Standaardafrikaans
  - Deur alle taalvariasies en taalvorme te ontgin
    - Alle variasies
    - Leenwoorde
    - Nuutskeppings
    - Assimilasie
    - Uitspraak

**Die toekoms van die taal: (1 feit)**

- Deur die taal (aktief) te gebruik, verseker jy dat dit nie uitsterf nie
- Deur die taal te ontgin, sal dit oorleef

Die toekoms van die die taal word verseker solank jy in enige vorm die boodskap kan kommunikeer / oordra /uitdruk **[10]**

**OF**

**VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1 | Ja. Skryfwerk impliseer tog goed soos gedigte, tekste en stories / √√<br>Nee. Dit gaan oor die verstaan en die bewaring van die taal / √√<br>Nee. Die spreker verwys na meer as net skryfwerk, want "Liessit, praattit, ontginnit en bedryffit" is ook deel van die bewaring van die taal √√<br>**(Die motivering moet die Ja of Nee sinvol ondersteun. Die kandidaat kan Ja of Nee antwoord met 'n sinvolle, aansluitende verduideliking om 2 punte te verdien, dus 2 punte of 0)** | 2 |
| 6.2 | Hy skryf wanneer daar iets gebeur /<br>Die skrywer skryf om 'n boodskap oor te dra / om te skryf wat hy sien / om kommentaar te lewer / om sy belewinge met die lesers te deel / om taal te bewaar / omdat die taal vir hom belangrik is / om te kan onthou / "Daar happen soms iets, ..." √ | 1 |
| 6.3 | Die leser / die mense oor wie hy skryf / moontlik mense wat ander te na kom / universeel = alle taalgebruikers / gewone mense √ | 1 |
| 6.4 | Mense sal nie lees (begryp, verstaan) nie / hulle sal hulle nie daaraan steur nie / Die spreker hoop mense gaan hom / haar verstaan (hy / sy gebruik gewone taal) √<br>**(enige EEN)** | 1 |
| 6.5 | paarrym<br>aabb √<br>(Indien die kandidaat die hele gedig se rym aangedui het, kan die spesifieke lettergroepering verskil) | 1 |

Kopiereg voorbehou

| | | |
|---|---|---|
| 6.6 | Hy is alles behalwe doodgewoon √, want hy is 'n digter / skrywer √<br>Hy is nie doodgewoon nie, want die boodskap is nie op 'n doodgewone manier (taal) gebring nie / Die teenoorgestelde van wat hy sê is waar, want hy lewer 'n belangrike bydrae tot die taal deur sy digkuns (skryfwerk, boodskap, bewaring) √√<br>**(Kandidaat kry 2 of 0 punte)** | 2 |
| 6.7 | Die taalgebruik in die gedig is 'n voorbeeld van hoe enige taalvorm bydra tot **taalbewaring** (**tema**) / Enigee, ongeag sy / haar akademiese vlak moet skryf in die taal waarin hy/ sy wil, solank hy / sy net skryf / **Effektiewe kommunikasie** vind plaas solank mense die boodskap kan verstaan / Enige taalvorm bevorder die behoud van die taal √<br>**(Enige sinvolle antwoord wat met die tema verband hou)** | 1 |
| 6.8 | Die belangrikste boodskap word hier vervat: Taal en kommunikasie gaan hand aan hand / Die oordra van 'n boodskap in enige taalvorm is belangrik /<br>Dit som die hooftema op / Die oorlewing van 'n taal lê in sy gebruikers wat die taal ontgin / Dit is die kern van die gedig / As mense mekaar verstaan, maak taal en spelling nie saak nie / Dit sluit direk by die titel aan, en sluit die gedig tot sinvolle eenheid / Dit beklemtoon weer die begingedagte oor *skryfwerk* /<br>Die lengte van die versreëls dien as die uitheffingstegniek van die belangrikste slotsom √<br>(**Die kandidaat kon die inhoudelike of die verstegniese aanraak)** | 1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

LET WEL: Beantwoord EEN vraag oor die letterkundeteks wat julle in die klas behandel het.

### VRAAG 7: OPSTELVRAAG (LU2 AS 4.2.1)

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

**Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.**

**LET WEL:**
- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- **Al die feite hoef nie genoem te word nie.**
- **Geen subopskrifte in opstel nie.**
- **Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.**
- **Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.**

**Inleiding:**
- Verwys kortliks na wat **aktueel** is en of die genoemde kwessies wel aktueel is.

**Feminisme (Die term kan in 'n ander verbandhoudende woorde omskryf word) ( 5 gemotiveerde feite):**
(Daar is waardering vir die definiëring / verklaring van die term, maar kandidate kan ook verwys na die anderse opvatting oor / belewing van die vrouekarakters sonder om die spesifieke term Feminisme te omskryf of te gebruik)
- Elsa word beskryf as militante feminis, maar konformeer in getroude lewe
- Sterk vroue hoofkarakter fokus op vrou se wense / lewe / behoeftes
- Ma weier om op plaas te bly
- Susters is uitgesproke, onafhanklike vroue
- Elsa is 'n nugter / praktiese / onemosionele mens
- Elsa sê Iris moet van haar romantiese drogbeelde ontslae raak
- Kara is nie 'n broeikas nie / sy glo dat haar lyf aan haar behoort en dat sy nooit sal trou en aanteel nie
- Elsa por haar man aan tot 'n vasektomie
- Kara besluit om saam met Claude te woon
- Iris verklaar dat sy 25 is, weet wat sy doen en haar eie besluite kan neem / sy kan met vrymoedigheid die klerk aanspreek / sy kanselleer haar modelkontrak
- Bettie is 'n praktiese / bekwame loodgieter / eienaar van 'n ysterwarewinkel
- Merel is 'n feminis wat haar man staan / sy het bekwame hande / vorm haar eie lewe
- ***Ironie: T.s.v. Feminisme, hunker die vroue daarna om getroud te wees en kinders te hê***

Kopiereg voorbehou

**Huweliksverhoudings ( 5 gemotiveerde feite):**

- Iris is aanvanklik naïef oor sulke verhoudings, daarom die onskuldige romantiese fantasie
- Iris is geskok deur Elsa se katoenonderklere vir die wittebrood
- Elsa se nugtere verwysings na die huweliksnag skok Iris
- Iris verloor haar maagdelikheid impulsief
- Iris is nie gepla oor naaktheid nie, sy skok Peter met haar kaalsittery
- Iris noem self dat sy selde aan haar hormone gedink het
- Saambly en saamslaap word terloopse sake. Geen ophef word daaroor gemaak nie
- Brian en Bettie het saamgewoon sonder dat hulle getroud is
- Ma en Pa se huwelik is 'n vreedsame verbyleef
- Elsa is onromanties, maar tog 'n stralende ma / sy brei haar gesin uit
- Kara se terloopse troue en Elsa se onromantiese troue maak dat Iris nie ernstige besluite oor haar eie troue kan neem nie
- Iris verwys na die hartseer en alleenheid van geskeides (tandarts)
- Voorhuwelikse seks is aan die orde van die dag
- Iris en Peter is die modelvoorbeeld van 'n perfekte huwelik
- Hannes knoop 'n buite-egtelike verhouding aan
- Dr. Anders en sy vrou se huweliksverhouding het skeefgeloop

**Rassisme (5 gemotiveerde feite) :**

(Kan verwys na die bestaan van rassisme of waar die rassisme nie is nie.)

- Johanna word onvoorwaardelik deel van gesin
- Almal is so afhanklik van Johanna
- Claude se anderskleurigheid word nie raakgesien nie
- Daar word terloops verwys na die pas wat Johanna moes dra
- Ma ignoreer die pas met vaagheid /apatie / gesin is ongeërg teenoor die paswette
- Claude word aanvanklik as 'n klong deur Johanna beskou
- Iris verwys spottend na Suid-Afrikaners as rassiste
- Sy word gewaarsku teen Negers in die VSA deur Johanna
- Die werklikheid word ontken
- Iris se gesin het geen vooroordeel teen anderskleuriges nie
- Sy is nie bang om saam met Billy te ry nie – Iris is nie 'n rassis nie

  Iris se pa se onvermoeide ywer om Johanna se woonplek gemaklik te maak en die gemaklike kommunikasie met mekaar, staan in kontras met die werklike situasie van rassisme

**Slot:** 'n Sinvolle gevolgtrekking van die onderwerp moet deur die kandidaat gegee word. **[25]**

**OF**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.1 | By die tandarts / dr. Anders √ | 1 |
| 8.1.2 | By Elsa se troue (toe sy haar strooijonker verromantiseer)√ | 1 |
| 8.1.3 | Sy is ontevrede met haar situasie / sy is 'n dromer / sy is 'n alleenloper / sy hou daarvan om van die werklikheid te ontsnap / sy is 'n idealis / sy spieëlbeeld haar in Greta se lewe √√ **(enige TWEE)** | 2 |
| 8.1.4 | Dis haar alter-ego/ sy spieëlbeeld haar in Greta se lewe / dis 'n verbeelde voorstelling van haarself / die ander ek / Greta vervul 'n leemte in Iris se lewe / Greta bied aan Iris 'n geleentheid om van die werklikheid te ontsnap √ | 1 |
| 8.1.5 | Sy wil van die daaglikse oninteressanthede ontsnap / Sy dink die lewe moet baie meer kleurvol en opwindend wees en nie so saai en geroetineerd nie / Sy is ontevrede met haar situasie, sy ontsnap van die werklikheid √√ **(enige TWEE)** | 2 |
| 8.2.1 | Sy is Iris se (oudste) suster √ | 1 |
| 8.2.2 | Sy steur haar nie aan verleidelike onderklere nie / Sy reël haar eie troue / Sy het reeds haar bruidsuitset lank voor die troue bymekaar gemaak / Sy neem praktiese besluite / Sy is spaarsamig (afslagpryse) √√ **(enige TWEE)** | 2 |
| 8.2.3 | Wanneer Iris impulsief besluit om vir Peter in Amerika te gaan kuier / Elsa spreek Iris kort-kort aan as te jonk om 'n mening te lug / Iris word voorgeskryf om haar skoonma se gordyne vir 'n trourok te gebruik / Sy is voorskriftelik √ | 1 |
| 8.2.4 | Elsa beweer dat dit nie die regte ding is om agter 'n man aan te loop nie / en dat Iris hom skaars ken./ Elsa spreek Iris kort-kort aan as te jonk om 'n mening te lug / Iris word voorgeskryf om haar skoonma se gordyne vir 'n trourok te gebruik / Sy is voorskriftelik √ **(enige EEN)** **(Die antwoord sluit by 8.2.3 aan. Geen penalisering vir die herhaling van feite nie.)** | 1 |
| 8.2.5 | Haar man verneuk haar met een van sy studente / huweliksontrou √ | 1 |
| 8.3.1 | Sy reis dikwels oorsee (vir daardie tyd) / is versot op katedrale / Sy steur haar nie aan haar voorkoms nie / Sy is teen trou / teen babas / sy gaan deur verskillende fases / Sy raak bevriend met 'n donker uitlander / Sy bly saam met die uitlander / Sy steur haar nie aan taal en kleur nie / Sy is swanger en nie getroud nie / Sy wil 'n non word √√ **(enige TWEE)** | 2 |
| 8.3.2 | Claude √ | 1 |
| 8.3.3 | Hy is 'n volksvreemde buitelander / Sy het nog nooit juis in mans belanggestel nie √ **(enige EEN)** | 1 |

Kopiereg voorbehou

| | | |
|---|---|---|
| 8.3.4 | Hy is sjarmant (bv. soen hulle op die hand) / goed (fyn) opgevoed / gemaklik met sy menswees / verfynd / slim / Claude pas maklik by die gesin in / Franse maniere / Claude en Ma het dieselfde uitkyk op die lewe √√ **(enige TWEE)** | 2 |
| 8.3.5 | Hulle deel 'n belangstelling in kuns / Hulle steur hulle nie aan konvensies nie / Hulle is altwee anders / Die liefde oorbrug alle verskille (en gevolglik is hulle gelukkig) √ | 1 |
| 8.4.1 | Sy is hulle huishulp (bediende) √ | 1 |
| 8.4.2 | Iris se ma noem haar by registrasie 'n familielid / Sy is totaal in beheer van die huis en kinders / Sy deel in die familie se lief en leed / Sy woon alle familiefunksies by /sy hoef nie 'n pas te dra nie / Hulle bou spesiaal vir haar 'n bou-eenheid / Sy noem kinders op hulle name en is uitgesproke oor familie-situasies / Sy is deel van hulle (Iris het Johanna saam met die huis geërf) √<br>**(enige EEN)** | 1 |
| 8.4.3 | Sy is altyd daar met raad en daad / kook baie lekker kos / het 'n deernis vir die familie / Sy skep orde √ **(enige EEN)**<br>**(Herhaling van antwoorde van 8.4.2 word nie gepenaliseer nie )** | 1 |
| 8.4.4 | Opgeruimd + rede<br>Georganiseerd+rede<br>Fluks+rede<br>Reguit+rede<br>Wys+rede<br>Lojaal+rede<br>Humorsin + rede<br>Netheid (versorgd) + rede<br>Betroubaar + rede<br>Verantwoordelik + rede<br>Manipuleerder + rede √√<br>**(Een punt vir die karaktereienskap en een punt vir die motivering. Die punte word onafhanklik van mekaar gegee)** | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| | | **[25]** |

**OF**

## VRAAG 9: OPSTELVRAAG (LU2 AS 4.2.1)

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

**Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.**

LET WEL:
- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- **Al die feite hoef nie genoem te word nie.**
- **Geen subopskrifte in opstel nie.**
- **Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.**
- **Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.**

**Naas die inhoud (uit 15) moet die aanbieding (taal en styl) ook geassesseer word (uit 10), volgens die rubriek.**

**Inleiding:** Die doel van konflik is enersyds om spanning te skep, maar andersyds om nuwe fasette aangaande die verhoudinge in die roman te belig. Uiterlike konflik kom voor wanneer karakters mekaar openlik konfronteer.
**(enige sinvolle inleiding kan deur die kandidate aangebied word)**

**Konflik tussen Baas en Grace**
**Twee gemotiveerde feite en afloop van konflik (3)**

- Baas kom in konflik met Grace, veral as sy vir hom wil sê wat om te doen en dan van hom verwag om dit te doen. / Hulle bots in Ngweze, waar hy in die hospitaal siek lê, omdat hy nie die verantwoordelikheid vir die versorging van die siekes wil aanvaar nie.
- Baas sê onder andere vir Grace dat sy nie nodig het om hom te verpleeg nie en dat sy moet loop. / Sy bly egter en sê dit is haar plig om na hom om te sien tot hy gesond is.
- Hulle kom in konflik oor die Lozi gebruike, wat Grace aan Baas verduidelik, maar wat hy nie respekteer nie, omdat hulle hom uitbuit. / Grace beskou baas se minagting van die dagvaardiging bv. as oneerbiedig en dring daarop aan dat hy wel die khuta gaan spreek.
- Christenskap van Grace veroorsaak konflik en hy stry daarteen.
- Baas is 'n alleenloper terwyl Grace toenadering by hom soek – dit veroorsaak spanning.
- Grace glo dat Baas met 'n doel na Manaka gestuur is, maar Baas stry daarteen.
- *Die konflik tussen hulle word opgelos en Baas vra Grace om hom op sy naam te noem. Hulle is gelykes. Hulle soek ook saam na die boot en stap die toekoms saam tegemoet.*

**Konflik tussen Baas en ds. Griesel du Pisani**
**Twee gemotiveerde feite en afloop van konflik (3)**

- Baas bots met Griesel en wil hulle nie in sy private omgewing toelaat nie. / Baas is met reg woedend as Griesel in sy slaaphut inbreek en hom daar tuis maak.
- Griesel se meerderwaardige houding teenoor die mense op Manaka ontstel Baas. / Baas noem Griesel 'n helikopterpilot en ontmasker sy skynheiligheid.
- Baas en Griesel bots oor Nanna. /Griesel waarsku Baas om weg te bly van Nanna af en Baas wys Griesel daarop dat hy 'n goeie vrou het en dat hy haar moet oppas.
- Daar is konflik omdat die khuta Baas se grond wil onderverdeel sodat die sendelinge 'n deel kan kry.
- Nie Baas of Griesel hou daarvan om hul ruimte te deel nie en dit veroorsaak konflik.
- Christenskap bring konflik tussen Baas en Griesel.
- Veroorsaak spanning dat Griesel weet dat sy voortbestaan op Manaka van Baas afhanklik is.
- *Die konflik tussen Baas en Griesel stort in duie as Griesel siek word en in die hospitaal vir malaria behandel word. Griesel herstel, maar keer nie weer terug na Manaka toe nie.*

**Konflik tussen Baas en Riekert**
**Twee gemotiveerde feite en afloop van konflik (3)**

- Riekert probeer Baas betrek by sy konkelary met meneer Kebbey oor 'n pontbootbesigheid en konsessies. / Baas sit Riekert op sy plek.
- Riekert probeer Baas ook oorreed om by diamantsmokkelary betrokke te raak. /
- Hy beledig egter vir Grace in die proses en Baas is afwysend.
- Baas voel beskaamd dat hy deur ras en taal aan 'n skurk soos Riekert verbind is. Hy verag die poging tot verkragting en die misbruik van ouma Essie se gasvryheid. / Baas het geen respek vir Riekert nie en wil nie met hom geassosieer word nie.
- Riekert gee geld sodat die lobola vir Grace betaal kan word.
- Dit veroorsaak konflik dat Riekert Baas se boot wil koop.
- *Die konflik word opgelos omdat Riekert in hegtenis geneem word.*

**Konflik tussen Baas en Chisupo**
**Twee gemotiveerde feite en afloop van konflik (3)**

- A.g.v. die taalprobleem bots Baas en meneer Chisupo nooit in woorde nie, maar is hulle openlik vyandig. / Baas dra Chisupo uit die hut van die sterwende vrou, Chisupo verbrand die swart bokkop by die kerk op Manaka en wys sy vinger.
- Chisupo wil Baas weghê van Manaka want hy glo die witmense vat sy krag weg.
- Baas laat hom nie afskrik nie, hy het 'n doel en 'n droom wat hy wil verwesenlik.
- Chisupo se vingerwysery het verreikende gevolge en hy slaag byna daarin om Baas se drome te vernietig, toe hy die boot van die stellasie lossny en die kerkie afbrand, daarom skep dit onderliggende spanning.
- Chisupo voel bedreig want hy voel Baas ondermyn sy invloed.
- Mnr. Johnny sê dat Chisupo bang vir Baas is.

Kopiereg voorbehou

- *Die konflik word opgelos, want Chisupo werp hom in die vuur en brand dood.*

**Konflik tussen Baas en die khuta**
**Twee gemotiveerde feite en afloop van konflik (3)**

- Baas bots met die khuta omdat hulle hom uitbuit. / Hulle verhuur 'n deel van Manaka aan die sendelinge wat hulle eintlik reeds aan hom toegeken het.
- Baas bots ook met hulle omdat hulle hom misbruik. / Hulle verwag van hom om sonder vergoeding vir hulle pale aan te ry en as die Land Rover se dryfas in die proses breek, beskou hulle dit as sy skade.
- Baas bots met hulle omdat hulle sy enigste maniere van inkomste en selfonderhoud as "besighede" sien en in die winste wil deel. / Hulle glo dat Baas se boot en slaghuis vir hulle gerief daar is en hulle verhoog boonop die konsessiegeld.
- Die khuta sê dat Baas nie aan hulle die nodige respek betoon nie.
- Baas en die khuta toon geen respek vir mekaar nie en dit veroorsaak spanning.
- *Die konflik word opgelos omdat die hoofindoena, meneer Diamon, se stoel omgekeer word (korrupsie/uitbuiting word gestaak) en meneer Jos, wat 'n geleerde, billike Christen is, voortaan die khuta en die konsessies sal bestuur.*

**Slot:** Konflik in die roman is funksioneel en dra by tot spanning, intrige en karakterisering. (enige sinvolle slot kan deur die kandidaat aangebied word) **[25]**

**OF**

VRAAG 10

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 10.1.1 | Daar word by Baas se slaaphut ingebreek √ | 1 |
| 10.1.2 | Hy is nie tuis nie, want hy is in die hospitaal (omdat hy malaria opgedoen het) √ | 1 |
| 10.2 | Daar kom 'n storm / Die sendelinge het nie huisvesting nie / Hulle sien nie kans vir ontbering nie / Daar is baie muskiete / Hy wou nie by ouma Essie slaap nie / Griesel hou van sy gerief en sal nie op die grond slaap nie / Griesel glo dat hy die reg het om in te breek op grond van sy posisie / Daar is nie ander plek nie want die sendingstasie is verwoes √√√ **(enige DRIE)** | 3 |
| 10.3.1 | Baas is besig om die Zambesi Joy (wat 'n pontboot is), **te herstel** en te omskep in 'n toeristeboot √ | 1 |
| 10.3.2 | Hy wil toeriste daarmee op die Zambesi vervoer / Hy wil hulle blootstel aan ongerepte Afrika / Die uiteindelike doel van Baas was om die mense te help / Hy wil die wildernis meer toeganklik maak √ | 1 |
| 10.4.1 | Ouma Essie / Grace (Tibelelo) / Sitali / mnr. Kebbey √√√ **(enige DRIE)** | 3 |
| 10.4.2 | Plek van die Kremetarte / Kremetartbome √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 10.5 | Hy wil vir hom en Nanna slaapplek onder die afdak inrig / hulle bagasie van die bakkie afkry, sodat dit nie natreën nie / 'n vuur aan die gang kry vir hitte en lig voordat die storm kom, sodat hulle versorg kan wees / Hy moet dit alleen doen, want Griesel het hom in Baas se slaaphut toegemaak / Slaapplek vir die sendeling-paar / 'n Storm is besig om op te steek √√ **(enige TWEE)** | 2 |
| 10.6.1 | **Nanna** is bedagsaam / sorgsaam / hulpvaardig / vrygewig / dienend √<br>**Griesel** is selfsugtig / gemaksugtig/ egoïsties/ suinig / meerderwaardig √ | 1<br>1 |
| 10.6.2 | **Nanna** vat vir Griesel skoon klere en 'n tandeborsel / Nanna gee aan mnr. Johnny geld √<br><br>**Griesel** dink net aan homself, want hy ignoreer Nanna wat ontuis en alleen op 'n vreemde plek is / maak homself in Baas se slaaphut toe / help nie vir oom Scholtzie om die bagasie van die bakkie af te laai nie / hy betig Nanna dat sy nie aan almal geld kan gee nie / hy was sy hande nadat hy die khuta gegroet het √<br>**(Die motivering in 10.6.2 moet by die karaktertrek in 10.6.1 pas)** | 1<br><br>1 |
| 10.7 | Die foto is van Dennis (Chipman) √ (sy pa), Page (Chipman) √ en (sy ma), Grace (Chipman) (gebore Bosman) √/<br>Dennis, sy ma en pa √√ (in lg. geval kry die kandidaat 2 punte en nie 3 nie) | 3 |
| 10.8.1 | Dennis Chipman **1** /(noemnaam) Baas **1** / oupagrootjie √<br>(spesifiseer watter Dennis Chipman dit is) | 1 |
| 10.8.2 | Kanada √ | 1 |
| 10.8.3 | Hy het skoenlappers kom vang (vir die Kanadese staatsmuseum) √ | 1 |
| 10.9 | Hulle is albei lank / sterk / rankerig gebou / met breë skouers wat effens vooroor buig / Hulle het albei blou oë √√ **(enige TWEE)** | 2 |
| | | **[25]** |

**OF**

**VRAAG 11: OPSTELVRAAG (LU2 AS4.2.5)**

***VATMAAR*** **– AMJ Scholtz**

**Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.**

LET WEL:

- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- **Al die feite hoef nie genoem te word nie.**
- **Geen subopskrifte in opstel nie.**
- **Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.**
- **Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.**

**Inleiding:** Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding.

**Die betekenis van die titel en die kontras met die lyding wat mense ervaar (4 gemotiveerde feite)**

- Die dorp is begin met "vatmaar-goed".
- "Gekleurdes" het dit na die oorlog gekry toe hulle in diens van die "Queen" teen die Boere geveg het.
- Die titel suggereer dat "gekleurdes" 'n bestaan uit die oorskiet van die blankes maak.
- Soos die kerkgebou uit 'n saal wat die blankes nie meer gebruik het nie tot stand gekom het.
- Die naam "Vatmaar" gee ook iets van die gesindheid van die mense; hulle staan saam en gee vir mekaar om.
- Die mense hou nie net vir hom- of haarself wat hulle het nie, maar laat toe dat ander ook "maar vat".

**Tant Wonnie se lyding en hoe sy in hierdie tyd sin maak. (6 gemotiveerde feite)**
**Die kandidaat moet na albei dele verwys, maar die feite word nie vir elke deel voorgeskryf nie, behalwe die totaal van 6 gemotiveerde feite vir hierdie kapstok.**

- Sy word onskuldig aangekla.
- Settie en Johnnie September is verantwoordelik hiervoor.
- Sy beland in die tronk.
- Sy word soos 'n geharde gevangene behandel.
- Sy word egter vrygespreek en kry 'n pensioen.

- Die vraag ontstaan: Waarom verhinder God nie dat 'n goeie mens swaarkry nie?
- Sy besef dat sy eers die Koninkryk van God binne-in haar moet soek.
- Sy besef God woon binne-in jou.
- Sy besef sy kan onder alle omstandighede sterk bly en triomfeer.
- Sy besef die belangrikheid van gebed.
- Die rasse-diskriminasie in die tronk was vir haar swaar.
- In die tronk het sy nie dieselfde kos en slaapplek as die ander gekry nie, daar is teen haar gediskrimineer.

Kopiereg voorbehou

**Die lyding van Kaatjie (5 gemotiveerde feite)**

- Kaatjie kon nie verstaan waarom sy opgesluit word nie.
- Mevrou Bosman kla haar onregverdig aan van werkverlating.
- Sy ly in die tronk.
- Kaatjie moes op 'n sementvloer staan en gevangenes se klere in koue water was.
- Sy word gevonnis: veertien dae dwangarbeid sonder keuse van 'n boete vir diensverlating.
- Sy was in 'n erge toestand toe sy haar ma se huis bereik; hande deurgewas en gebrand van bytsoda.
- Hierdie lyding het indirek bygedra dat sy met die geboorte van haar seun sterf.

**Slot:** Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot. **[25]**

**OF**

**VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG**

***VATMAAR* – AMJ Scholtz**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 12.1 | Hy was (saam met Oupa Lewies en Oom Chai) 'n stigterslid van Vatmaar / Hy het die nedersetting begin ✓ | 1 |
| 12.2 | Hy het verhale aan die kinders vertel/mondelings oorgedra / stories vertel ✓ | 1 |
| 12.3 | Hy is volgens die Griekwa-tradisie begrawe / Hy is regop begrawe ✓ | 1 |
| 12.4 | Die naam suggereer dat die gekleurdes 'n bestaan uit die oorskiet van die blankes maak ✓/ Hulle deel / Dit is "vatmaar"-goed wat hulle na die Tweede Vryheidsoorlog bymekaar gemaak het ✓ | 2 |
| 12.5 | Oupa Lewies (hy) en sy swart vrou, Ruth, het Vatmaar hul tuiste gemaak / getroud oor die kleurgrens ✓<br><br>Ma Khumalo het 'n blanke seun aangeneem / Ma Khumalo het Miriam ingeneem en haar oor Miriam ontferm en versorg ✓ | 2 |
| 12.6 | Die diensmeisies is verkrag ✓<br>Die diensmeisies is soms vermoor ✓ | 2 |
| 12.7.1 | Die bose en goeie in die natuur ✓ word deur middel van die plante in die veld gemanifesteer ✓ /<br>Hulle moet respek vir die natuur hê ✓ want jy moenie plante en diere uitroei nie ✓/<br>Die mens en natuur moet in simbiose (harmonie) saamleef + motivering ✓ **(enige TWEE)** | 2 |
| 12.7.2 | Mense moet met mekaar deel / of met jou broer ✓ | 1 |
| 12.8 | Hy het per ongeluk op 'n hottentotsgot getrap (volgens oorlewering sal 'n Griekwa sterf) ✓<br>Net daarna het Ta Vuurmaak gesterf ✓ | 2 |
| 12.9 | Hy het nie 'n geslag nagelaat nie / daar was geen nageslag nie ✓ | 1 |

Kopiereg voorbehou

| | | |
|---|---|---|
| 12.10 | Hy was die hoofman van Vatmaar /<br>Hy was 'n stigterslid van die dorp /<br>Hy het vir boumateriaal gesorg /<br>Hy het erwe uitgelê /<br>Hy het die kerk gebou /<br>Hy was 'n landmeter /<br>Hy het geboortes en sterftes aangeteken /<br>Hy was onderhandelaar ✓✓✓✓<br>**(enige VIER)** | 4 |
| 12.11 | Die leser kry die beeld dat (alle) witmense / veral Afrikaners, ✓<br>genadeloos en hard is / dat hulle boos is /<br>Hulle het die mense van Vatmaar van steel geleer. ✓ | 2 |
| 12.12.1 | Derdepersoonsverteller / Eksterne verteller / Hy-verteller /<br>Alomteenwoordige verteller / Ouktoriële verteller /<br>(Die voornaamwoord "hy" word gebruik) ✓<br><br>Ken almal se gedagtes en motivering / Kan dit meedeel / objektief /<br>onbetrokke ✓ | 2 |
| 12.12.2 | Onbetrokke /<br>Objektief /<br>Ken almal se diepste wese, gedagtes en kan dit meedeel /<br>Maak die gebeure meer geloofwaardig /<br>Meer perspektiewe kan verwoord word /<br>Kan meer inligting gee as 'n ek-verteller ✓✓<br>**(Herhaling van 12.12.1 word nie gepenaliseer nie)**<br>**(enige TWEE )** | 2 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

### VRAAG 13: OPSTELVRAAG (LU2 AS4.2.8)

***Die Krismis van Map Jacobs*** **– Adam Small**

- **Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.**

### VRAAG 13: DRAMA (LU2 AS4.W.8)

***Die Krismis van Map Jacobs*** **– Adam Small**

**Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.**

LET WEL

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie.
- Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal (nie laer as Kode 3 nie).
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.
- **Die 15de punt (Inhoud) kan by enige van die afdelings nagesien word.**
- Die feite moet chronologies gegee word, andersins word die punte nie toegeken nie.
- Wanneer die kandidaat se antwoord glad nie die inhoudelike aanspreek nie, verdien hy vir Inhoud 0 en vir Taal en styl : kode 1 (0 – 2 punte).
- Wanneer daar geen raakpunte is met die werk wat behandel is nie, kry die kandidaat vir Inhoud sowel as Taal en styl 0 punte.

**Eksposisie (4 gemotiveerde feite)**

- Die eksposisie van die drama word in die eerste twee tonele afgehandel
- Die eksposisie stel die ruimte en karakters bekend (Ons weet dan waar die drama afspeel en het al die karakters ontmoet)
- Die eksposisie stel die hoofintrige bekend (Dit hou verband met Map – hoofkarakter)
- Die eksposisie openbaar die karakters se verhouding tot mekaar (Map word met die Cavernelisse, leeglêers en Kersorkes geskakel)
- Die eksposisie is funksioneel want dit verseker dat die gehoor die verloop van sake kan volg
- Die drama word in konteks van 'n "township" op die Kaapse vlakte geplaas
- Uit gesprek tussen Maud en Mister Cavernelis word dit beskryf as 'n plek waaruit hulle wil ontsnap
- Ons maak kennis met al die karakters, bv. van die Cavernelisse met hul obsessie om te verhuis, Blanchie se werk, Tommy as "skinnerbek", die skoorsoekerige Richie en Cyril en die Kersorkes wat reeds sit vir die einde van die jaar
- Ons kry ook 'n beeld van die moeilike omstandighede en die probleme waarmee karakters konfronteer word
- Cavernelis wil nie in 'n huurwoonstel op

Kopiereg voorbehou

die Kaapse Vlakte bly nie

- Cavernelis het twee werke (poloniefabriek en smous met "soft goods") om vinniger te kan spaar
- Maud is Cavernelis se tweede vrou
- Maud hou daarvan om Engels te praat
- Maud dink dat sy beter as die ander inwoners is
- Maud kla gedurig oor Cavernelis se werk, sy voel afgeskeep
- Die Cavernelisse meng nie met die ander mense nie
- Tommy, Cyril en Ritchie speel kerrim om die tyd te verdryf
- Hulle vertel dat Map in die tronk is
- Hulle is skrikkerig oor wat hy gaan doen wanneer hy gaan uitkom en uitvind van Blanchie
- Tommy verseker hulle dat Map verander het.
- Blanchie is anders as die ander meisies
- Blanchie het styl en klas
- La Guma is 'n fiksheidsfanatikus
- La Guma is betrokke by die politiek

**Motoriese moment (2 gemotiveerde feite)**

- Die motoriese moment is iets wat gebeur om die handeling aan die gang te sit
- Die feit dat Map op parool vrygelaat gaan word, is die motoriese moment (Hy bevestig aan sy ma dat "parole vir hom due is")
- Die motoriese moment verdeel die drama in twee dele (Toneel 1 tot 6 wat afspeel terwyl Map in die tronk is en toneel 8 tot 12 wat na sy vrylating plaasvind)

- Dit word ingelei deur Map se teenwoordigheid in tronk
- Hy deel sy ma mee dat hy op parool vrygelaat sal word
- Die nuus van sy vrylating veroorsaak afwagting en spanning in die buurt
- Die gemeenskap bespiegel oor sy (Map) se reaksie op nuus dat Blanchie haar aan wit mans verkoop
- Die afwagting of Blanchie die kontrak gaan kry, veroorsaak spanning aan huis van die Cavernelis-gesin
- Antie Grootmeisie besoek Map in die tronk
- Sy luister net aangesien sy stom is.
- Map vertel haar van sy vrylating die 7de van aanstaande maand
- Met die hulp van Apostel George het hy die Here aangeneem
- Map wil hê Antie Grootmeisie moet Blanchie van sy bekering vertel
- Hy erken hy is nog lief vir Blanchie.
- Miss Africa, die maatskaplike werkster, help Map om 'n werk te kry
- Sy voel dat hy moet bieg oor wat die

Kopiereg voorbehou

aand gebeur het

**Verwikkeling (2 gemotiveerde feite)**

- Dit is die ontwikkeling van die drama wat na die motoriese moment plaasvind
- Die verwikkeling dui op botsing (Wat sal van Map word na sy vrylating en met watter situasies / karakters sal hy gekonfronteer word?)
- Spanning word geskep wat oploop na die hoogtepunt
- Die uitsteltegniek word hier treffend gebruik rondom die vraag: Hoekom is Map in die tronk?

- Map probeer sy ma oortuig dat hy verander het
- Maud word deur Cyril en Richie gekonfronteer dat Cavernelis vir Blanchie stuur om ekstra te verdien (met wít mans)
- Hulle konfronteer ook vir Cavernelis met nuus dat Map vrygelaat sal word
- Hulle wonder wat sy (Map) se reaksie sal wees op die nuus dat Blanchie haar lyf verkoop
- Dit veroorsaak spanning by Cavernelis
- Blanchie word deur Cavernelis misbruik
- Sy kan so geld inbring om vinniger uit die Kaapse vlakte te kom
- Map kom tot bekering
- Map vertel van die behoefte om te behoort en daarom het hy by die bendes aangesluit
- Hy was leier van drie bendes (hulle het hoofsaaklik geroof)
- Daardie aand het die lede twee vroue beroof
- Daardie aand het die lede 'n ander versoek
- Map besef eers waarvoor hy toestemming gegee het toe die vrou gegil het
- Map steek Philander dood
- Map se ma raak stom
- Map gee homself aan die polisie oor
- Map word tot 12 jaar tronkstraf gevonnis

Kopiereg voorbehou

**Hoogtepunt (2 gemotiveerde feite)**

- Die hoogtepunt of klimaks sentreer rondom die hoofkarakter
- Map se innerlike en uiterlike konflik en karakter staan sentraal
- Map se biegrede in toneel ses is die klimaks en bind hede en verlede aan mekaar
